**Lewensviering van Sylvia Lammers** (1944-2026}



Sylvia, die oudste dogter van Jan en Rose Havenga is in Desember 1944 in Cullinan gebore waar Jan, 'n permanente lid van die lugmag, en Rose gewoon het. Na die oorlog is hulle weer terug na Voortrekkerhoogte.

Cullinan is bekend vir sy uitsonderlike pragtige diamante waarvan Sylvie een was.

Sylvie was op skool 'n kranige swemmer en het provinsieale kleure verwerf. Sy kon goed sing en ons het menige male na die ou Bapsfontein hotel gegaan waar sy sondagmiddae by die talent shows opgetree het.

Sylvie wou na skool 'n lugwaardin word en het haar tot die Suid Afrikaanse Lugdiens gewend maar slegs 'n halwe vlerkie verwerf. Sy het as grondwaardin by die SARL se besprekings sentrum, die Rotunda in Johannesburg begin werk. Dit was voor die online dae en alle bespekings was oor die foon gedoen. Om nader aan die werk te wees het sy later by my ma Trudie in Hillbrow ingetrek waartoe ek vele aande na werk gereis het.

Ons is in November 1964 getroud en is met drie pragtige kinders geseën. Marjonne, die jonste, is op sewe jarige ouderdom van ons af weggeraap. Sylvie was die sterkste van ons twee en kon haar dood verwerk. Sy was lid van die Hatfield Baptiste Kerk en het 'n kursus oor "Grief Counselling" bygewoon waarna sy lid van die kerk se "Telefriend" span geword wie mense telefonies met beradering bygestaan het.

Sylvia was 'n wonderlike eggenoot, maar ook met 'n wil van haar eie, beste ooit moeder, en met Kook en Geniet in die hand, was ons innerlike heerlik versorg. Sy het haar oor ander mense ontferm en Brookstraat, waneer ek by die werk was, was soggens gereeld die kuierplek van pa Klaas of skoonpa Jan.

In 2015 is Sylvia met Parkinsons gediagoniseer en is daar reëling getref vir die skuif na Kaapstad. Sylvie wou graag gaan want dit was dan immers haar tweede tuiste waar sy die kleinkinders opgepas het as Rozanne en Arnie rondgerits het

Sy was die afgelope 3 jaar in die Oasis se versorgingeenheid waar sy op 24 Januarie oorlede is.

**Sylvie se wens is vervul en sy is nou by Jonnie en Jesus.**

**Amen.**